HEFSIBA EN EEUFEES NUUSBRIEF

Liewe Vriende,
Dit was 'n merkwaardige byeenkoms vanmore by die Portuguese erediens: Die Moslem-onderwyser wat vanjaar ingeskryf het by HEFSIBA vir ons Menslike Wetenskappe graad het vanmore vir die eerste keer ons erediens bygewoon en gese hy wil graag in die toekoms ons eredienste bywoon. Hy voel homself welkom en wil graag meer van dié Jesus te wete kom van wie hy by HEFSIBA leer. Hy het ds Samuel Matunda, ons visie-Direkteur, bedank wat hom uitgenooi en begelei het om die diens by te woon. Halleluia! Bid
asb vir Matenge se radikale ommekeer.

MERKWAARDIGE TRIPPIE NA MAPUTO

Ek, ds. Menasse en ds Miguel Nobre het pas gister teruggekeer van 'n merkwaardige heen-en-weertjie na ons hoofstad Maputo. Die rede? Om aansoek te doen vir die offisiele goedkeuring van ons Menslike Wetenskappe graad wat nou reeds vir meer as 'n jaar talm en die studente onrustig maak. Sonder dat ons dit geweet het was daar by ons aankoms in die Onderwyshoofkwartiere, 'n vergadering vir al die Tersiêre inrigtings in Mosambiek. Ons kon dit toe bywoon en al die groot koppe ontmoet! So kon ons aan die Hoofinspekteur ons aansoek oorhandig, kon ons die Direkteur van Onderwys ontmoet en 'n lang onderhoud met die visie-minister van Onderwys voer, en dit alles op een dag! Ons is vol verwagting dat die aansoek gunstig oorweeg gaan word - bid asb saam met ons daarvoor. Ons was bietjie gestrand sonder 'n voertuig. Toe bied 'n oud-Portugese lidmaat van Vanderbijlpark, ons sy 'smart' outomatiese kar aan en so bederf Vader ons toe... (dan betaal 'n ou 'n verkeersboete in die middestad sommer met 'n 'smile'...)

MERKWAARDIGE EEUFEES

Oor 3 weke hierdie tyd, is ons Eeufees al iets van die verlede! Dinge woel nou hier by ons: Dirk Smit se sementpad is amper klaar en hierdie week kom die watertenks, ens. aan die beurt. Petria en Antoinette gaan weer hierdie week na Malawi vir nog 'capulanas' vir die vrouens en ons verwag ons besending T-Shirts. Ds Kobus Minnaar wag nog in spanning op die verkorte geskiedenis van die kerk, vir drukwerk in Pretoria. Willie Gouws is kliphard aan't werke aan sy "Powerpoint" en fotos vir ons museum (hoop ek!) en die vrouens droom hier van baie vleis... Die manne en vroue op Mphatso is aan die gang met die pad, die monument, ens. ja - sommer baie om voor te bid!

Die akkomodasie-, ete- en transportkomitees 'panic' bietjie want hulle weet nie mooi hoeveel gaste om te verwag, wie bring nie tente nie en wie almal op die lughawe gehaal en teruggeneem moet word nie. As jy in die kategorie val - kommunikeer dan asb dringend met ons! Antoinette en Marie Smit het via Magda Saayman meer detail gestuur van alles wat julle hier kan verwag (en nie verwag nie!) Kontak asb vir Magda (by bg E.Pos en tel nr. 012-6542104/ of sel nr. 0828960662)vir meer inligting.

Die Gastehuis en kampeerterrein van die Sinode dien as die kwartiere vir alle buitelanders wat met voertuie aankom en vir die per vliegtuig, reel ons by ons sendelinge se huise, ens. akkomodasie.

Die verrigtinge begin nou reeds Donderdagoggend 8h00 by Mlanda in Malawi en Vrydagoggend om 10h00 by Mphatso sendingstasie in Mosambiek. Saterdag en Sondag vind al die verrigtinge hier op Vila Ulongue plaas. Dit gaan regtig 'n merkwaardige fees wees met 'n goeie dosis van geskiedenis, teater, kore, preke, getuienisse, lekker kuier, eet en nogmaals kuier! Die Sondagoggend se verrigtinge word deur die Goewerneur van ons provinsie afgesluit - as jy nog wik en weeg om te kom - kry jou kar in rat en
kom!

Die meeste van julle moet ongelukkig vir julleself sorg wat die etes betref en as jy nie goed selfversorgend is nie of moeg raak vir jou eie kos, dan is jy welkom om ons restaurante uit te probeer. Hier is ten minste 2 goeie restaurante waar mens nog 'n groot ete vir tussen R30 - R50 kan kry. As jy nie genoeg geld het nie probeer dan ons heerlike Portugese "buns" en ons vars groente en vrugte op die mark!

As jy nie kan kom nie - stuur dan asb jou geld, my broer en/of suster! Ons wil graag sommer 10 beeste slag, koeldrank beskikbaar stel vir die massas en bietjie help met hulle vervoer. Voeg daarby die uitgawes aan die infrastruktuur op Vila en Mphatso en dit word sommer 'n aardige bedraggie! Ja, die mense moet self bydra, maar dit is by verre nie genoeg nie...
Betaal sommer in daar by die sendingkantoor in die Kaap en dui duidelik aan dat dit vir die Eeufees is. Die gegewens is soos volg:

NG Kerk in SA
ABSA
Belville tak
Rek nr. 360740579

NS Is daar enigiemand wat ons kan help om 'n DVD/video te help maak van die Eeufees verrigtinge? Meld aan asb!

PERSONEEL NUUS

1. Ek, ds Aaron Muswubi en Henry Ker vier ons verjaarsdae op die 10de Junie. Ons het toe sommer Sondag na kerk, heerlik vleis gebraai by Dirk en Marie Smit - dankie vir al die goeie wense en die wat van my vergeet het - volgende jaar word ek DV 60 in SA en ontglip jy my nie so maklik nie!
2. Marie Smit pas goed aan hier by ons al is die 'honeymoon' fase al oor! Sy werk fluks in ons Biblioteek waar al wat boek is op 'n ander sisteem oorgeskrywe word. Ons is dankbaar vir 'n groep jongmense o.l.v. Willem Taute, seun van ds Manie Taute ons vorige rektor, wat ook vir 'n week of wat in die Bib kom help het.
3. Met my gesondheid gaan dit nog goed, deur die genade, gaan weer vir 'n ondersoek vir die blaaskanker op 10 Julie in Potch en word sommer dan weer aan die prostaat geopereer. Op 13 Julie vlieg ek na Stellenbosch vir 'n Vigs-werkswinkel (14 - 18 Julie), waar ek bietjie gaan gesels oor die beginsels van 'n kurrikulum vir 'n vak soos Vigs aan 'n Teologiese skool. Antoinette vlieg saam om kleinkinders in Potch op te pas.
4. Dr. Marilda de Oliveira is terug na SA na bykans 3 jaar hier op Vila. Ons gaan haar veral mis by ons Portugese, Missiologiese en Etiese vakke. Ons beste wense en gebede vergesel haar. Ds Aaron en sy familie het nou in haar huis (die ou huis Worcester), ingetrek
5. Petria Theron het toe aansoek gedoen vir hierdie vakante dosentepos by HEFSIBA.

Daar word met haar en ds Ian Jannasch van die Johannesburg Portugese gemeente onderhoude gevoer op die 6de Julie hier op Vila. Bid asb dat ons die persoon sal aanstel wat op die Here se hart is.

6. Ds. Aaron het in sy afwesigheid die Meestersgraad in Teologie aan die Universiteit van die Noordweste, Vanderbijpark kampus, ontvang. Om dit vir hom meer realisties te maak het ons toe ons eie gradeplegtigheid hier by ons huis gereel waar hy met toga, akademiese hoedjie en HEFSIBA serp 'n alternatiewe graad (met sy eie foto!)ontvang het van hierdie Akademiese Direkteur met 'n Franse 'beret' - by gebrek aan beter!

7. Die klasse sluit Vrydag en al ons personeel is besig met vraestelle merk, modereer, punte invoer, puntevergaderings hou, ens. Dan is daar nog ons gewone vergaderings en ons Raadsvergadering Vrydag - lekker besig - hou senuwees, hou!

'N MERKWAARDGIE GOD

Ons dien 'n merkwaardige God wat vir ons sorg - so kan ons net weer getuig. Dit is inderdaad die moeite werd om Hom te dien. Ons het Ps.103 as lofpsalm gekies vir die Eeufees en ek sluit met van dié mooi verse: "Ek wil die Here loof met alles wat in my is, ek wil Sy heilige Naam loof! Dit is Hy wat my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van 'n arend skenk. Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Onverganklik is die liefde van die Here vir díe wat Hom dien. Sy heerskappy strek oor alles en almal - ek wil die Here loof!"

Eeufeesgroete,

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!

Kruger en Antoinette du Preez